# As Jesus dood gaan

Ek vra altyd hoe het iemand gesterf? Dit raak ons.
Ek onthou eerste tannie waar ek by was toe sy sterf.
**Mat 27:45-56 Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. (46) Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (47) Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: "Hy roep vir Elia." (48) Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. (49) Maar die ander sê: "Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red." (50) Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. (51) Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. (52) Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, (53) en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. (54) Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: "Hierdie man was werklik die Seun van God." (55) Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het. (56) Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus.**

**Luk 23:44-49 Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; (45) die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur. (46) Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas. (47) Toe die offisier sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: "Hierdie man was werklik onskuldig." (48) Al die mense wat saamgedrom het om na die skouspel te kyk en gesien het wat daar gebeur het, het verslae huis toe gegaan. (49) Maar al Jesus se vriende, ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand bly staan. Hulle het al hierdie dinge gesien.**

Matt, Mark, Lukas gee getuienis,dieselfde, Johannes weet wat hulle skryf lê klem op “die Woord vervul word en dit is volbring”

Wat gebeur as Jesus dood gaan?

Van 12 uur af, was daar duisternis, oor die Hele land.
Jesus sê Hy is die lig van die wêreld, Openbaring leer ons daar sal nie son wees nie, want Christus is daar, Hy is die Lig. Heerlikheid van God sal daar wees.

Besef duisternis oor die hele land. Duisternis, nie mens gemaakte lig wat af gesit word nie. Son wat uit gedoof word, nie 'n wolk. Duisternis. Soos in die begin. Geen lig, geen heerlikheid. Almal het dit beleef. Vuurmaak, lampe aansteek. Almal praat daaroor, nie verwag of verstaan nie. Mense ken, dit is die einde van die wêreld.

Hoe sal dit wees as ons al die ligte in die kerk afsit? **Sit ligte af**

Duisternis, kan nie sien nie. Versigtig om te beweeg. Jy moet bly sit. Jy beweeg nie vorentoe nie, klere, kos, mekaar sien nie. Kan hoor, jy voel. Ons sit vasgevang. Daar kom klaar die gevoel by jou, om uit te gaan. Vrees kom nader. Om lig te gaan soek.

Die hartseer is, baie mense leef in duisternis, ek glo die Here sê, baie gelowiges leef in duisternis, omdat Jesus nie in hulle leef skyn nie. **Sit een lig aan.**
Jesus moenie net so flou liggie in jou lewe wees nie. Sy lig moet jou hele lewe omring, jy moet in die lig lewe. Duisternis in die land, maar jy kan in die lig leef.

**Sit die lig aan.** Kom ons kyk mekaar in die oë. As Jesus dood gaan in jou lewe is dit wat met jou gebeur. Daar kom duisternis in jou lewe.
Jy beweeg nie, jy het vrees, duisternis bring "down gevoel" Kan nie sien nie, sien nie eers mense om jou nie. Kan nie beweeg nie, of baie stadig. Gaan val en seer kry. Mense geniet die sonsopkoms. Nuwe dag wat aanbreek.

**Joh 8:12 Verder, by 'n ander geleentheid, het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die mensdom. Wie My aanhou volg, sal nooit in die duisternis leef nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.**"
Jesus sê wie Hy is vir die mensdom. Wie my aanhou volg. Die gevaar is dat Jesus kan dood gaan in jou lewe. Hou aan om Jesus te volg, op Hom moet ons die oog hou.
<u>Lig wat lewe gee.</u> Son brand dood, son brand ons. Son lewe, maar ek moet my beskerm teen die son. Lig van Jesus is anders gee lewe, maak nie dood nie, droog my nie uit nie, brand my nie, gee lewe. Ander om jou in duisternis, bang, beweeg nie, leef nie. Jy beleef lig lewe, jy sien, jy nie vrees nie. Jy het lig.

**vers(51) Op daardie oomblik het ……. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.**

**Ps 104:5 'U vestig die aarde op sy fondamente sodat dit nooit sal bewe nie.'**

**Jes 48:12-13 Luister na My, o Jakob, en Israel, wat Ek geroep het, dit is Ek; Ek is die Eerste, ook is Ek die Laaste.**
**Ook het my hand die aarde gegrond, en my regterhand die hemele uitgesprei; as Ek hulle roep, staan hulle daar almal saam.**

As Jesus dood gaan, dan kan die wêreld nie bestaan nie. Jou wêreld word geskud. En die rotse bars uit mekaar. Ek wonder of ons nog die tekens sien van die oomblik toe Jesus sterf. As Jesus sterf in jou lewe. Val jou wereld uit mekaar. Dit wat jy dink is jou rots sal uitmekaar bars. Alles in jou wereld. Jou liggaam, jou werk, jou huwelik, ontspanning, dit bars uit mekaar, want Jesus hou dit nie in Sy hand nie. Nie omdat Hy nie wil nie, maar omdat ons Hom dood maak.
Jou wereld van uitmekaar, maar die wat in Jesus was, gelowiges het uit die grafte opgestaan. Nie almal nie, maar die gelowiges. Bewys dat jy sal lewe omdat jy in Jesus is. Hy is die enigste God wat jou Kan laat lewe.

Waarskuwing:
**Heb 6:4-6 Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees,**
**(5) die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het**
**(6) en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot 'n bespotting.**

**Daar het nog iets gebeur.**

Die voorhangsel het geskeur. Onthou hoekom was daar, hierdie dik gordyn. Voorhof was oop vir almal wat joodse geloof aangeneem het, tempel vir die wat rein was. Dan die allerheiligste, waar die ark van God was. Net die hoë priester. Net een keer ‘n jaar Seker maak geen sonde. Klokies om sy klere, en tou om sy lyf. As sterf omdat dalk nie rein was nie, dan sterf hy en uit sleep met die tou.
Ou Testament was Afstand Godsdiens. Kan nie by God uitkom nie. Duld nie sonde nie. Dik gordyn, was die muur van sonde tussen ons en die Here.

Jesus sterf toe betaal Hy vir ons sonde, vat jou sonde weg.
**Hy skeur die gordyn, van bo na onder.** Alles is oop om by God te kom. Met my onreinheid na die Here toe gaan. Hulle moet stop en God se nuwe verbond aanvaar.
Uitnodiging, kom kyk, kom sien, kom beleef. Kom leer my ken.
Farriseer 'n probleem, gordyn reg maak, seker afhaal en laat reg maak, niemand gaan dood nie. Hartseer probeer nog daar die afstands godsdiens instand hou.

**Heb 4:16 Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.**

**Heb 4:16 Let us therefore come boldly unto the throne of grace, that we may obtain mercy, and find grace to help in time of need.**

Gordyn, om geheim te hou. Ander nie sien wat jy doen nie. God skeur daardie gordyn, sodat mense Hom kan sien. Afstand is weg gevat.

Die wêreld se sonde weg gevat, almal kan met vrymoedigheid na Hom toe gaan, sonder om eers rein te wees. Hy nooi ons uit. Kom na my toe. Hartseer mense kan gaan, sonder om bang te wees, maar hulle wil nie.

Lappie wat jy moet skeur, jy onthou. Gaan na Jesus toe. Gaan leer Jesus ken.